NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 2
10 Februarie 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Dis wéér tyd om te sing oor sý lewe

**Die Covid-19-pandemie het die Kerk genoodsaak om op velerlei maniere kreatiewe aanpassings te maak in bedieningstyl en die hantering van verandering. Veral die eredienste van die gemeentes is ingrypend geraak deur die inperkings.**

Mense kon met tye nie eredienste in persoon bywoon nie. Meestal het gemeentes gekies om boodskappe eerder in 'n korter formaat te stroom, aangesien kundiges aangedui het hoe kort die aandagspan van mense is wat via elektroniese media inskakel. Die liturgie is afgeskaal – soms tot minder as die basiese minimum. Waar liedere wel nog deel uitgemaak het van die stroming, het dit slegs in enkele gevalle gebeur dat mense in hul huise met oorgawe saamgesing het.

Na my mening is liturgie, gemeentesang en kerkmusiek van die heel grootste verloorders as gevolg van die inperkingsmaatreëls. **Maar dis nou weer tyd om te sing!** Dis nou ook weer die eerste geleentheid om in ons gemeentes nuwe musiek aan te leer sodat ons ook op nuwe maniere ons stem tot God kan laat klink en in nuwe omstandighede ons geloof kan verwoord.

Tydens die 72ste Algemene Kerkvergadering is besluit dat daar toerustings- en inligtingsgeleenthede gehou moet word om liedere wat tot die VONKK-liederekorpus bygevoeg is, aan die Kerk bekend te stel. Daarom nooi ons jou uit na so 'n bekendstellingsgeleentheid op 26 Februarie 2022 met die titel: **EEN LEWE!**

Tydens die geleentheid sal jy blootgestel word aan 40 nuwe liedere uit die VONKK-liederekorpus. Hierdie liedere handel almal spesifiek oor die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus, asook sy hemelvaart, sy kerk in die wêreld en die wederkoms. Dit gee uitdrukking aan die belangrikheid van die kerklike jaar en om dit wat ons in Jesus Christus ontvang het, met oorgawe te vier. Met so 'n verskeidenheid van nuwe liedere sal dit liturge help om in 2022 die heilsgebeure van God in Jesus Christus op 'n nuwe manier in die mond van die gemeente te plaas. Ons gaan luister na soliste en 'n kantory, maar veral saamsing met wonderlike begeleiding!

In 'n tyd waarin mense in wese getraumatiseer is deur dit wat in die wêreld gebeur het en hoe veranderlik dinge in die wêreld is, is dit weer nodig om lidmate terug te lei na dit wat vir ons as kerk en as gelowiges vasstaan: die evangelie van Jesus Christus! Daarom is 2022 'n jaar waarin ons in diepte aandag behoort te gee aan die rykdom van verkondiging in die kerklike jaar. Deur die gemeente nuwe liedere hieroor te leer, probeer ons eintlik vir mense opnuut geloofstaal gee. Dit vervang op geen manier die skat wat ons vanuit die verlede ontvang het nie, maar verbreed en verruim dit.

Hierdie geleentheid is bedoel vir alle predikante en hul orreliste en eredienswerkgroepe, maar ook vir enige persoon wat in kerkmusiek en gemeentesang belangstel. Predikante sal ook vir die geleentheid hul eerste vyf VBO-punte vir die jaar kan verdien. Ons moet weer saam opgewonde raak oor ons gemeentesang!

Die geleentheid vind plaas by NHKA Pretoria-Oos op Saterdag 26 Februarie, met registrasie vanaf 08:00. As jy meer inligting verlang, stuur 'n e-pos na Pieter van den Berg by **orrelpieter@yahoo.com** en ons stuur vir jou al die inligting en die inskrywingsvorm.

Dis tyd om weer te sing – oor sý lewe!

**Ds Hannes van der Merwe, Pretoria-Oos**

## Lief en leed



Ds David du Plessis

- Emerituspredikant **ds DZ (David) du Plessis** (Wonderboom-Suid) is tans ernstig siek. Alzheimersiekte is by hom gediagnoseer en sy gesondheid in die algemeen het die afgelope tyd baie versleg. Ons dink ook aan sy vrou, Beaulah, en sy gesin, en bid hulle die Heer se bystand toe.

- **Prof IWC (Natie) van Wyk** (emeritus) se onkoloog het die diagnose van metastatiese melanoom bevestig. Prof Natie sal nou twee soorte immunoterapie ontvang, wat elke drie weke vir twee jaar toegedien sal word. Hy sal die eerste dosis teen einde April ontvang. Ons bid hom en sy vrou, Neltjie, baie sterkte toe.



Prof Natie van Wyk

- **Oudl Frits Smit** van Kaapstad (kassier en jarelange lid van die Kommissie van die AKV) se toestand verbeter steeds na sy gesondheidskrisis aan die einde van 2021. Hy begin ook weer gewig optel nadat hy in die proses 27 kg verloor het. Ons bid hom en sy vrou, Sannie, sterkte toe en vertrou dat sy gesondheid van krag tot krag sal gaan.



Oudl Frits Smit

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 10 Februarie: Di D (Dalene) Lourens (50) (Selcourt/Springs-Noord) en IJ (Jaco) Vogel (43) (Rooihuiskraal)
  - Vrydag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (65) (emeritus)
  - Saterdag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (63) (Alberton)
  - Maandag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (75) (emeritus) en ds CP (Larry) van der Walt (39) (Oos-Londen)
  - Dinsdag 15 Februarie: Ds M (Maritza) Oosthuizen (39) (beroepafwagtend)
  - Donderdag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (34) (Kapelaan/Montana) en ds DJ (Danie) Struwig (69) (emeritus)
  - Vrydag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (69) (emeritus/Stellenbosch/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (65) (Wonderboom)

## Gemeentes en bediening



Dr Barry van Wyk

- **Dr BJ (Barry) van Wyk (emeritus/Rust der Winter/Waterberg/Zoutpansberg)** het 'n beroep ontvang na Warmbad (deeltyds).




- **VAKATURE VIR 'N ADMINISTRATIEWE BEAMPTE: Gemeente Swartkop.** 'n Vakature bestaan by Gemeente Swartkop in Centurion vir 'n voltydse Administratiewe Beampte om **diens te aanvaar op 1 Maart 2022**.

  **Posbeskrywing:** Hantering van die gemeente se administrasie; werk van skriba vir registrasie; kolporteurswerk; neem van notule by sekere vergaderings; bemanning van die gemeentekantoor; soms toesig oor gemeentelike arbeiders.

**Vereistes:** Nie ouer as 60 jaar nie; kennis van kerklike administrasie; rekenaarvaardigheid (verpligtend); kennis van MS Office-produkte (verpligtend); goeie vaardigheid in die gebruik van multi- en sosiale media; kliëntgerigte persoonlikheid; vermoë om met meer as een opdraggewer te kan werk; moet op eie kan werk; bereid om toerustingskursusse in Win- en Finkerk by te woon.

**Vergoeding:** Maandelikse vergoeding is onderhandelbaar gebaseer op ondervinding. ’n Diskresionêre bonus kan jaarliks betaal word, soos en wanneer dit deur die Finansiële Kommissie goedgekeur word. Reiskoste word maandeliks vergoed per eisvorm van ritte onderneem. Verlof en siekteverlof.

**Werkure:** 08:00 tot 13:00 (Maandae tot Vrydae); tydens sommige vergaderings (kerkraad, ouderlinge, diakens, ensovoorts); beman kantoor na oggend-eredienste om lidmate se navrae te hanteer en gelde te ontvang.

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Februarie 2022.**

**Rig u aansoek** (met volledige CV waarin vorige ondervinding en kerkverband aangedui moet word) **skriftelik** aan die Skriba by **nhswartkop@telkomsa.net** of **kantoor@nhswartkop.org**.

Onderhoude sal in Februarie 2022 gevoer word en die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

- **VAKATURE VIR ’N REKENMEESTER: Sinodale Dienssentrum, Pretoria.**

  **Vereistes:** Minstens 5 jaar werkservaring; verdere kwalifikasie/opleiding sal ’n aanbeveling wees, asook kennis van Accpac en/of Pastel; rekenaarvaardigheid in minstens Microsoft Office; ten volle tweetalig; geldige rybewys; bewese bestuursvaardighede; kennis van die Nasionale Kredietwet en die Wet op Inligting; moet finansiële state kan opstel en interpreteer en dit kan voorhou by die Raad van Finansies.

  **Verdere vereistes:** Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van ’n span te funksioneer; goeie kommunikasie- en organisasievaardighede; meelewende lidmaat van die NHKA.

  **Vergoeding:** Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

  **Sluitingsdatum: 28 Februarie 2022.**

  **Navrae en aansoeke:** Aansoeke met CV moet gerig word aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **mannekrag@nhk.co.za**; tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.

## Vergaderings

- Vrydag 11 Februarie: Moderamen
- Saterdag 12 Februarie: NHSV Hoofbestuur
- Maandag 14 Februarie: 9de ADV Beplanningskomitee
- Woensdag 16 Februarie: Kinderhuise Dagbestuur
- Donderdag 17 Februarie: Rata Finkom en begroting
- Saterdag 19 Februarie: ADV Kommissie<br>9de ADV finale begroting

## Kerklike publikasies

- **Ds FJ (Frans) Redelinghuys** van Sasolburg, wat aan die einde van April vanjaar emeriteer, wil graag sy **teologiese boekery** gratis aan enige belangstellende **skenk**. Belangstellendes kan hom kontak by 083 556 5637 of **fransred@nhk.co.za**.







- In die **Januarie/Februarie 2022-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **prof Yolanda Dreyer** dat aftree by uitstek die tyd is wanneer jy agterkom wat "belegging" beteken. Van elke besluit wat langs die pad geneem is, elke keuse wat oor dekades gemaak is, *pluk jy nou die vrugte* óf *dra jy nou die gevolge*. **Ds Willem Sauer** herinner ons aan Psalm 139 en die versekering dat ons God uitkyk vir ons. Ons God wat net die beste vir ons bedink, en alles van ons weet sodat ons veilig deur die lewe kan gaan. **Oudl Dries le Roux** benadruk dat hoop en heling moontlik is, ook te midde van ernstige gemoedsversteurings, en **dr Cobus Jansen van Nieuwenhuizen** verduidelik die tema van sy proefskrif, "Stilte, gebed en *Lectio Divina*: Kreatiewe hulpmiddele in die pastorale intervensieproses na trauma". **Dr Gafie van Wyk** deel met ons van sy pragfoto's, en die Kerk se argivaris, **Nándor Sarkady**, gee die agtergrond van 1922 se Randse mynstaking. Lees hierdie en ander artikels en berigte in die eerste uitgawe van 2022. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.




## Studentesake

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind op **Vrydag 4 Maart 2022 om 15:00** by **Gemeente Philadelphia** plaas. Dit lei ook die HTK-kontaknaweek vir studente in wat Saterdag en Sondag plaasvind. Die program vir Vrydagmiddag sien soos volg daar uit:

    - 10:00: Fakulteitsopening in Rautenbachsaal vir studente en belangstellendes (verversings word na die tyd bedien)
    - 15:00: Philadelphia – verwelkoming
    - 15:15: Skrifbeskouing – prof Wim Dreyer
    - 16:15: Boodskap namens Kuratorium – dr Rudy Denton
    - 16:30: Skaapbraai (alles word voorsien)

  Almal is welkom en belangstellendes wat **Vrydagmiddag** se kuier wil bywoon, moet net by mev Clarika Hattingh **bevestig**, by **clarikah@nhk.co.za**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** wil graag kontak maak met al die eerstejaars wat in 2022 in Potchefstroom kom studeer en meer inligting aan hulle deurgee. Ons wil kontak hou deur WhatsApp-boodskappe, ensovoorts. Voltooi asseblief die inligtingsvorm by **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of **stellenbosch@nhk.co.za**.

## 'n Gedig

**Fluisterklip**

Die fluisterklip lê vanselfsprekend
ver en alleen die veld in
ver en stil
want die grondonthou is swaar

soos eeue en soos woorde.

Wees stadig en wees stil
met die veldgras teen jou vel,
taalloos soos vroeër

moet geen woord rep nie.

Die fluisterklip roep suutjies soos wind
jou stil hart fluisterend nader.

**Ilse van Staden**
(Uit: *Fluisterklip*, 2008)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkop-oggend**
  **Saterdag 5 Maart 2022**
  Kerksaal om 10:00
  R150 per kop, R120 skaappotjie, R50 per kind (pizza)
  Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Mev Belinda Jordaan 076 626 7571

- **Rata Maatskaplike Dienste** is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoosd voort om kinders uit haglike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop ongeveer R10 000 per jaar per kind. Oor die tydperk van 2020-'21 is meer as 1 600 kinders uit omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel verwyder.

Ten einde broodnodige fondse aan te vul, hou Rata se hoofkantoor 'n jaarlikse gholfdag, hierdie jaar op **23 Augustus by Silver Lakes Country Club – ons 8ste Gholfdag**. Ons vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Enige hulp word opreg waardeer. Begroot solank nou, kry jul spanne bymekaar en gaan loer na die wit olifante wat as pryse kan dien. Dink ook asseblief aan kennisse en kontakte wat mag belangstel om hande te neem met ons en kinderbeskerming te ondersteun.

Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

## Barmhartigheid

- Die NHSV is dankbaar dat die Kommissie van die AKV jaarliks **elke tweede Sondag van Februarie** uitsonder vir die opneem van 'n spesiale deurkollekte **ten bate van die NHSV se Beurs- en Leningsfonds**. Ons is ook dankbaar dat gemeentes jaarliks ruim bydra tot hierdie fonds. Die toekennings wat vanuit hierdie fonds aan ons jong Hervormde studente gemaak word, kan nie geringgeskat word nie en het al menige student gehelp om sy of haar studies te voltooi. Die NHSV Hoofbestuur versoek gemeentes weer eens om op **Sondag 13 Februarie 2022** hierdie verdienstelike saak te ondersteun. By voorbaat dankie vir elke gemeente se ondersteuning in 2022. Gemeentes kan die geld **direk inbetaal** of **elektronies (EFT) oorbetaal** aan: NHSV Hoofbestuur, ABSA, rekeningnommer 405 145 4181, takkode 632005, verwysing op strokie: **Gemeentenaam B&L.**

- **NHSV tema 2022.** Mev Mari-lizé Beukes, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, skryf in die NHSV 2022 Vooruitskouing soos volg: "Die NHSV se tema vir hierdie jaar is **Dankbaar, diensbaar en geseënd!** *Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag* (1 Tess 5: 18, AFR83). Die NHSV het in 2020 saam met die Kerk 'n ongekende era inbeweeg waar omtrent alles wat ons beplan het, verander moes word en ons nuwe maniere en werkwyses moes beproef om NHSV te wees in ons gemeentes, die Kerk en die gemeenskap. Hierdie afgelope twee jaar het ons geleer dat ***dit nie geluk is wat jou dankbaar maak nie, maar dat jou dankbaarheid jou gelukkig maak.*** Dankbaarheid dat wat ek het, genoeg is. God se genade is vir my genoeg! ***Kom ons wees diensbaar, want ons is dankbaar vir wat God vir ons gedoen het en vandag steeds doen. Om dankbaar te leef, beteken dat ons God vind daar waar ons diensbaar is.***" Die NHSV 2022 Vooruitskouing behels al die aktiwiteite van die NHSV op nasionale en streeksvlak vir die jaar en kan aanlyn gelees word by **https://nhsv.org.za/omsendskrywes/**.

- Die **9de Algemene Diakensvergadering** vind vanjaar virtueel plaas. So word blootstelling aan Covid-19 beperk, terwyl dit aansienlike kostebesparings vir ringe en afgevaardigdes sal beteken. Hierdie werkwyse bied ook aan baie meer gelowiges die geleentheid om deel te wees van die *Ubi caritas*-simposium oor Christelike barmhartigheid. Vanjaar word die **armoedevraagstuk** in diepte behandel, en word saam gesoek na werkbare oplossings vir 2022 en verder. Rig navrae aan ds Gerhard Stoltz by **gerhard@diakens.co.za**.

| | |
|---|---|
| Dinsdag 5 April: | Inleiding tot armoedegesprek |
| Donderdag 7 April: | Trauma van armoede |
| Dinsdag 12 April: | Nuwe antwoorde in veranderende omgewings |
| Dinsdag 19 April: | Sosiale entrepreneurskap en armoede |
| Donderdag 21 April: | Netwerke |
| Vrydag 22 April: | Opening en konstituering |
| Saterdag 23 April: | Amptelike vergadering |

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)

Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
**navrae@athalia.co.za**
**www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  **Seniordalpta@gmail.com**




## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## ’n Vroegoggendgebed

Ek kom staan voor U, my Heer.
Soos die son verrys,
mag u hoop binne my opwel.
Soos die voëls sing,
mag u liefde uit my borrel.
Soos die lig hierdie nuwe dag oorspoel,
mag u blydskap oral om my skitter.
Ek kom staan voor U, o Heer,
en ek koester hierdie vreedsame oomblik,
sodat ek vandag iets van u hoop, u liefde en u blydskap
in my hart kan saamdra.
Amen.

**www.living-prayers.com**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |